Geloftediens/ Versoeningsdiens: Voortrekkermonument – 16 Desember 2009
Teksgedeelte: Kolossense 3: 1-4
Inleiding:

Bepalende momente in die lewens van individue, groepe en gemeenskappe word heel dikwels redes vir feesdae. Ons doen moeite om iets wat vir ons sinvol, betekenisvol, waardevol en uniek was, heeltyd in herinnering te roep. Ons probeer daarmee oomblike en gebeurtenisse wat die lewe groter, veiliger en mooier laat lyk, aan die lewe te hou. Individue doen dit wanneer hulle spesiale plekke inrig waar hulle met geliefdes kuier, groepe doen dit as hulle saamkom soos vandag om hulle geskiedenis te onthou, en gemeenskappe gebruik dikwels feeste om uiting te gee aan drome en ideale wat hulle graag sou wou bereik. Soms herdefineer ons hierdie feeste omdat die teken waarin dit staan, groter geword het, meer mense insluit en die verhaal van ons gemeenskap nuwe rede vir dankbaarheid bring. Hoe dit ookal sy, daar kom oomblikke in ons lewens waar ons met tyd speel.

Ons roep die verlede terug en vra om vertel te word van ’n tyd wat bepalend was in ons geskiedenis, wat gehelp het om ons te vorm in hoe ons dink en doen. Ons vra ook die toekoms om nader te staan sodat ons daaroor kan droom en kan vul met ideale van hoe ons graag wil hê dit moet lyk. En dis wat u en ek ook vandag doen. Ons het hier aangekom as mense wat die verlede en die toekoms in vandag intrek en met ons hier wees iets oor altwee sê. En wat ons hieroor sê is ongelooflik belangrik, aangesien dit nie net ons eie lewe bepaal nie, maar ook uitkring na die land en die wêreld om ons.

Ek vertel ’n verhaal met hoe ek kies om die geskiedenis te onthou, wat ek daarin raaksien en wat ek leer daaruit. Ek vertel ’n verhaal met hoe ek die toekoms inkleur, ek skryf die hoofstukke van my eie lewensverhaal met hoe ek dink oor wat vorentoe lê. Ons lewe nou, maar bestaan vanuit die toekoms en die verlede. Dit volg logies dat ek myself baie goed of baie skade kan aandoen met die manier waarop die verlede en die toekoms verstaan. Ek kan myself siek of gesond hou, of laat groei of doodgaan. Die teks wat ons vanoggend gelees het, maak vir ons ’n deur oop oor hoe gelowiges die verlede en toekoms so kan benader dat dit ons nie terugsit nie, maar krag gee. Kom ons kyk so klein bietjie nader na wat ons gelees het.

Die teks
Met die eerste oogsopslag lyk hierdie woorde vir ons effens vreemd en esoteries, half of dit so bo-aards gestel is dat dit nie prakties genoeg kan wees om ons te help verstaan wat ons met onsself vandag in Suid-Afrika moet maak nie. Daar is egter ’n paar dinge wat ons dalk miskyk in hierdie brief:

<u>Paulus weet vir wie hy skryf:</u>
Mense vermy verlede, want dis die plek waaroor ek skuldig voel (sien verderaan in hoofstuk). Op ’n manier wag ek dat dinge weer skeef loop, want die verlede is vir my ’n manier wat my toekoms voorspel. Ek moet net ’n rukkie wag dan loop dinge weer skeef, en daarom dink ek nie daaroor nie, want dit voorspel onheil, ongeluk en mislukking.

Ander mense in hierdie gemeente herleef die verlede sonder om na te dink of dit ’n goeie manier van leef is. Iemand in die verlede het klaar gedink oor iets en daarom

hoef ek dit nie te doen nie, ek moet net my toewyding tot daardie persone se denke in stand hou. Ek hoef nie eers te verstaan hoekom sekere mense sekere dinge gesê of gedoen het nie, ek moet net die gewoonte in stand hou. ***Dis 'n goeie manier om van 'n betekenisvolle fees 'n lastelike verpligting te maak!***

Kortom: Hierdie lesers het, soos ons, 'n geweldige egosentriese manier gehad om met die verlede om te gaan. My mislukkings en my opvoeding en my erfenis. Alles begin by my, en as dit nie by my begin nie, dan by iemand wat my begin het.

Die toekoms vaar ook nie veel beter hier nie, omdat die mense hier so oortuig is daarvan dat alles van hulle afhang, dat hulle God skoon uit die prentjie beplan en leef. Daar is 'n angs en 'n koorsagtigheid om wal te gooi en vas te staan en met manipulasie en strategie die pad vorentoe uit lê. Baie soos die samelewing waarin ons onsself vandag bevind (**verduidelik).**

<u>Paulus weet hoe om met tyd te werk.</u>
Verlede: Paulus moedig hier niemand aan om die verlede te vergeet nie. Hy sê eintliki vir hierdie lesers dat hulle te klein dink oor die verlede. Ons het nounou reeds gehoor dat die verlede of vermy of verheerlik is, en ons kan aflei dat die lesers van hierdie brief waarskynlik gemeen het dat hulle persoonlike geskiedenis by hulle geboorte begin, dat die elelemente vervat van hulle opvoeding en hulle keuses, en dat hulle aktief meewerk aan die skryf van 'n goeie geskiedenis.

Paulus vra egter vir die lesers om hulle koppe oop te maak vir die moontlikheid dat hulle eintlik deel is van 'n veel groter geskiedenis: Hulle geskiedenis gaan terug tot by God self. Daar waar Hy deur sy Seun die wêreld tot stand bring, daar begin my geskiedenis. Daar waar God na die mens kyk en sê dit is goed. Daar waar God se eie aard en dinamiese karakter gesien kan word in die diversiteit van die Skepping. Daar begin ek. Ek begin as deel van 'n Skepping wat iets van God se grootheid vertel. Dit is my geskiedenis. My geskiedenis begin as krron van die Here se skepping wat deur my optrede hierdie plek en hierdie mense met oppas en beskerm. Ek is meer as my foute en meer as ander mense se konsepte, ek is dit waarin God hom verheug.

Toekoms: Die toekoms is ook nie minder heerlik nie. Jou toekoms eindig by God self. Miskien het Paulus se lesers vergeet hoe die wêreld se storie loop, en daarom herinner hy hulle daaraan. Dit gaan nie net maar stadig agteruit soos die meeste van ons dink en beleef nie, maar vooruit na God. Dit vind ook sy kulminasie in Christus. Die uiteinde vna die wêreld is om getransformeer te word na dit wat God in die begin daarmee beplan het. Ons sal lyk soos wat Hy ons gemaak om te lyk. Dis ons einde, en dis die toekoms wat ons moet leef.

Geloftedag: Geloftedag begin nie daardie dag, 16 Desember by Bloedrivier nie. Dit is ingebed in die groter verhaal van God met sy kinders (almal het ook nie die belewenis gehad dat dit 'n groot moment is nie...). As daar nie mense daardie dag was met die bewustheid dat die gebeurtenisse daar ook deel van 'n groter verhaal was nie, dan het u en ek nie eers vandag hier gesit en hierdie dag gedenk nie. En dit eindig ook nie daar nie, dit is al intussen verryk, want God se verhaal met sy kinders loop aan, en dit word groter en meer en sluit meer mense in. En as daar nie mense

in ons land was wat geweet dat wat ook nou gebeur deel is van ’n groter verhaal nie, het ons nooit by hierdie punt uitgekom waar geloftedag ook deel geword het van die verhaal van versoening nie.

As ek net my eie storie vertel, loop ek die gevaar om myself uit die groter verhaal uit te skryf. As ek by my geboorte of my voorsate se geboorte begin om my verhaal te vertel, verloor God uit die oog, en wat ’n bleek lewe is dit nie! Eweneens help dit nie om net my storie te vertel die toekoms in nie, want dit sal ’n hartseer einde hê. **Ek en jy het die voorreg om deel te wees van ’n veel groter verhaal. Hoe?**

Hede: Dit lyk vir my Paulus sê dit kan gebeur in die manier waarop ons die hede hanteer. As ons hier te vinnig lees, kan dit dalk lyk of ons eintlik met hierdie wêreld niks te make moet hê nie. Gelukkig is hierdie gedeelte ingebed in uiters praktiese raad. Dit het te make met wie ek is en waarmee ek besig is. **Vers5-17** help ons om dit prakties te verstaan, en ek gaan dit met twee woorde opsom: Roeping en Gawe.

Roeping: As ek nie verstaan dat ek ’n geroepe mens is nie, as ek nie verstaan dat ek die instrument is waarmee God samelewings omkeer nie, verstaan ek bykans niks van wie ek is nie. As ek nie weet dat ek geroepe is en dat daardie roeping altyd iets te make het met my medemens nie, is ek vir myself ’n verwarring, en vir my medemens ’n las. Ek het ’n roeping om die persoon te wees wat God my gemaak het om te wees (vertel van identiteit as daar tyd is).

Gawe: As ek dan wil weet hoe om my roeping uit te leef, dan kyk ek na hoe God my gawes uitgedeel het, want dit is die beskrywing van hoe ek diensbaar moet wees in my gemeenskap en groep. My gawe is God se plan vir my medemens, en dit is hoe ek my roeping behoort uit te beleef.

Slot:
Hierdie boodskap is vir die individu, die groep en die gemeenskap. Hou op om iemand anders se verhaal te probeer vertel, en glo dat jou geskiedenis by God self begin. Hy het jou uniek geskape met die vermoë om sy skepping te kna sien soos wat Hy dit sien! Ons kan ook sommer vandag ophou om die geskiedenis in trurat in te gaan, want ons is deel van God se plan vir watookal vir hierdie land voorlê. Amen

Die Gelofte

Hier staan ons voor die heilige GOD van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan hom te gee.